

24 April

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 14:12

God is die enigste en hoogste Regter

Elke dag praat ons met mense – dikwels oor baie belangrike sake. Dit is ook nie ongewoon dat ons as gelowiges verskillende standpunte oor dieselfde saak het nie – selfs al is ons lidmate van die dieselfde gemeente. Dink maar daaraan hoe ons oor dinge soos bakers en kelkies by die Nagmaal, sit of staan tydens gebede in die erediens, vroue as diakens, ouderlinge en predikante, die sing van Psalms en geestelike liedere verskil (Ef. 5:19; Kol. 3:16). En tog is ons almal gelowiges.

Klaarblyklik was daar in Rome soortgelyke verskille onder die lidmate oor die vier van sekere dae en die eet van vleis (waarskynlik die vleis wat aan afgode geoffer is). Hoe hanteer medegelowiges (in dieselfde gemeente of kerkverband) dit? Só: “*Aanvaar* die een wat in die geloof *swak* is, sonder om met hom te *stry* as sy opvatting van joune verskil” (vs 1).

- Om iemand te *aanvaar*, beteken letterlik om hom in jou huis te neem, om hom welkom te heet, om hom in die gemeente één met al die ander gelowiges te laat wees.
- Paulus weet en is oortuig “in die Here Jesus” dat geen vleis vanself onrein is nie (14:14, 20). Hy is oortuig dat sy oordeel met die oordeel van Jesus, die Here, ooreenstem. Die *sterke* (15:1) en die *swakke* in die geloof (14:1) het hierdie insae verreken of nie verreken nie by die eet van vleis en die vier van sekere dae.
- Die laaste deel van vers 1 wil sê: Moenie die swakke in die geloof gedurig oor sy gevoelens *oordeel* nie (1933-vertaling), moenie telkens weer in diskussie oor meningsverskille verval nie.

“Die een wat in die geloof swak is” doen sekere dinge nie. Maar jý mag nie oor hom oordeel nie. God is die enigste en hoogste Regter. Hý sal oordeel. (vs 10-11) Of jy nou vleis eet of nie, of jy sit of staan tydens gebede in die erediens – Hý gaan van jou rekenskap vra.

Elkeen (die “swakkes” en die “sterkes”) moet ’n Christusgesentreerde siening oor hierdie sake hê. Jy moet jou gewete (geloofsoortuiging) slegs deur die Woord van God bind. Jy moet “in die Here Jesus” van jou standpunt oortuig wees. Jy mag ook nie maak of ’n tradisie en ’n gebruik ’n beginsel is nie. Jy mag ook nie met wat jy doen jou broer in Christus aanstoot gee nie (vs 15). Lê jou daarop toe om dié dinge te doen wat die onderlinge vrede en opbou bevorder (vs 18). Die sterke moet die swakke verdra! (15:1) Onthou: Christus het vir jóú en ook vir jou broer en suster in die geloof se sondes gesterwe.

Sing: Psalm 7:5, 6

Dr. AH (André) Grové (Emeritus)